basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## EKONOMIE V1

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 'n Land wat 'n produk teen laer geleentheidskoste as ander lande kan vervaardig, het …

A 'n absolute voordeel.
B skaalverspillings.
C 'n komparatiewe voordeel.
D skaalvoordele.

1.1.2 Die omgekeerde verhouding tussen inflasie en werkloosheid word die beste deur die …-kromme geïllustreer.

A Laffer
B Lorenz
C indifferensie
D Phillips

1.1.3 Suid-Afrikaanse verdedigingsdienste word deur die … owerheid beheer.

A sentrale
B distriks-
C plaaslike
D provinsiale

1.1.4 Die eienaars van produksiefaktore in die ekonomiesekringloop-model is die …

A owerheid.
B huishoudings.
C besighede.
D buitelandse sektor.

1.1.5 'n Ekonomiese integrasie wat vrye beweging van arbeid, kapitaal en geld tussen lidlande toelaat, staan as 'n … bekend.

A vryehandelsgebied
B ekonomiese unie
C doeane-unie
D gemeenskapsmark

1.1.6 Die vervaardiging van goedere in groot hoeveelhede, normaalweg deur lande in die Noordelike Halfrond gedoen, staan as … bekend.

A arbeidsverdeling
B massaproduksie
C spesialisering
D groepering

1.1.7 Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe wat infrastruktuur en beleggings na verwaarloosde gebiede lok, word deur die Departement van … gedryf.

A Binnelandse Sake
B Arbeid
C Handel en Nywerheid
D Openbare Werke

1.1.8 'n Ekonomiese aanduider wat met produktiwiteit verband hou, staan as … bekend.

A vergoeding per werker
B repokoers
C wisselkoers
D produsenteprysindeks (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Desentralisasie | A oordrag van eienaarskap van besighede van die private sektor na die openbare sektor |
| 1.2.2 Portefeuljebelegging | B sit die owerheid se breë benadering tot industrialisasie uiteen |
| 1.2.3 Morele oorreding | C berei kwartaallikse en jaarlikse ekonomiese verslae voor |
| 1.2.4 Subsidie | D pogings deur die owerheid om beleggings in ander gebiede as dié met 'n hoë konsentrasie van ekonomiese aktiwiteit te vestig |
| 1.2.5 Nasionalisering | E konsultasie met handelsbanke om op 'n gewenste wyse te handel |
| 1.2.6 Embargo | F gee riglyne oor hoe openbare finansieringsboekhouding bestuur moet word om aanduiders te standaardiseer |
| 1.2.7 Internasionale Monetêre Fonds | G 'n kontanttoekenning wat aan vervaardigers gegee word om produksiekoste te verlaag |
| 1.2.8 Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk | H 'n amptelike staatsverbod op die invoer van sekere goedere en dienste |
| | I koop van finansiële bates soos aandele op die aandelebeurs van 'n ander land |

(8 x 1) (8)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 'n Wisselkoersstelsel waar die waarde van die geldeenheid slegs deur markkragte bepaal word

1.3.2 Die vloei van goedere, dienste en produksiefaktore tussen huishoudings en besighede

1.3.3 Sakesiklusse wat deur veranderinge in konstruksieaktiwiteite veroorsaak word, wat vir 15 tot 20 jaar duur

1.3.4 Verkoop van goedere op 'n buitelandse mark teen 'n prys laer as die produksiekoste in die land van oorsprong

1.3.5 Infrastruktuur en belegging wat die algemene welsyn van die samelewing verbeter

1.3.6 Meet die aantal kinders wat voor die ouderdom van een jaar oud sterf (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE tipes verbruiksgoedere. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe word leidende aanwysers in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERMENIGVULDIGEREFFEK – TWEESEKTOR-MODEL**

Die verbruiksfunksie bestaan uit outonome verbruik en afgeleide verbruik ($C = \bar{C} + cY$). Elke keer as daar egter 'n inspuiting in die ekonomiese kringloop van inkomste is, is daar waarskynlik 'n vermenigvuldigereffek.

Die grootte van die vermenigvuldiger hang van huishoudings se marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) en marginale spaargeneigdheid (msg) af. Byvoorbeeld, indien 60% van alle nuwe inkome in 'n gegewe tydperk op Suid-Afrikaanse produkte spandeer word, sal die marginale verbruiksgeneigdheid 0,6 wees.

[Aangepas uit www.ekonomicsonline.co.za]

2.2.1 Identifiseer 'n voorbeeld van 'n lekkasie in die uittreksel hierbo. (1)

2.2.2 Noem enige EEN deelnemer aan 'n tweesektor-ekonomie. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *outonome verbruik*. (2)

2.2.4 Waarom is die waarde van die vermenigvuldiger in 'n viersektor-model kleiner as dié van 'n tweesektor-model? (2)

2.2.5 Gebruik die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) van 0,6 en bereken die verandering in nasionale inkome as daar 'n belegging van R250 m. was. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SA EKONOMIE HERSTEL MAAR RISIKO'S BLY**

Daar word geprojekteer dat reële bruto binnelandse produk in 2021 met 3,8% en in 2022 met 2,5% sal groei, maar daar is gevare dat die ekonomie kan afneem.

Huishoudelike verbruik sal betekenisvol tot groei bydra soos wat die ekonomie oopmaak en die buitengewone besparings van 2020 spandeer word. Private investering sal progressief versterk.

[Bron: www.google.com]

2.3.1 Identifiseer die term in die uittreksel hierbo wat na *besteding op kapitaalgoedere* verwys. (1)

2.3.2 Gee EEN rede wat die ekonomiese herstel van Suid-Afrika beperk. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *reële bruto binnelandse produk*. (2)

2.3.4 Verduidelik die effek op sakesiklusse wanneer daar 'n styging in huishoudelike verbruik is. (2)

2.3.5 Hoe kan die owerheid belasting gebruik om ekonomiese herstel te stimuleer? (4)

2.4 Bespreek die rol van die buitelandsevaluta-mark in die ekonomiesekringloop-model. (8)

2.5 Analiseer die uitdagings in internasionale handel waarvoor Suid-Afrika te staan kom. (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE nywerheidsontwikkelingstrategieë in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is dit belangrik om die prestasie van die ekonomie te meet? (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HUIDIGE STAND VAN BRICS-EKONOMIEË**

Die BRICS-klub, wat vir hulle geweldige groeipotensiaal bekend was, is in die middel van ernstige ekonomiese en politieke uitdagings. Dalende kommoditeitspryse in die wêreld, soos olie, goud en steenkool, het hierdie opkomende markte beïnvloed wat swaar steun op groei deur uitvoer gelei.

Die strukturele transformasie van China vanaf 'n ekonomie wat deur uitvoer aangedryf word na een wat op huishoudelike verbruik staatmaak het die huidige uitdagings van BRICS vererger.

[Aangepas uit www.weforum.org]

3.2.1 Identifiseer die kommoditeit wat 'n belangrike verdiener van buitelandse valuta in Suid-Afrika is. (1)

3.2.2 Noem enige ander BRICS-lidland, behalwe China. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *handelsliberalisering*. (2)

3.2.4 Verduidelik die impak van 'n daling in mineraalpryse op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2)

3.2.5 Hoe trek Suid-Afrika voordeel daaruit om 'n lid van BRICS te wees? (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OPLOSSING VIR BEHUISINGSKRISIS IN SUID-AFRIKA**




Staatsgesubsidieerde huur stel lae-inkomstehuishoudings in staat om in ordentlike akkommodasie naby skole, winkels en werksplekke te woon. Behoorlik bestuurde huurblokke is meer duursaam as HOP-huise.

[Aangepas uit www.google.com]

3.3.1 Identifiseer 'n voorbeeld van gratis behuising wat deur die owerheid verskaf word. (1)

3.3.2 Gee enige EEN sosiale/maatskaplike probleem wat met informele nedersettings geassosieer word. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *verstedeliking*. (2)

3.3.4 Verduidelik die voordeel van behoorlike sanitasie vir lewensverwagting. (2)

3.3.5 Hoe kan hoë bevolkingsgroei lewenstandaard beïnvloed? (4)

3.4 Bespreek kortliks die *Kleinsake-ondersteuningsprogram (KSOP)* en die *Vaardigheidsondersteuningsprogram (VOP)* as aansporings vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika. (8)

3.5 Hoe kan uitvoere vir die Suid-Afrikaanse ekonomie voordelig wees? (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MAKROEKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE metodes van invoervervanging. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom lei internasionale handel na massaproduksie? (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**UITTREKSEL UIT SUID-AFRIKA SE BETALINGSBALANS**




[Bron: *SARB, Quarterly Bulletin*, Junie 2021]

4.2.1 Identifiseer enige jaar waarin Suid-Afrika in al vier kwartale 'n handelsoorskot ervaar het. (1)

4.2.2 Noem die subrekening van die betalingsbalans wat deur die grafiek hierbo voorgestel word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *lopende oordrag.* (2)

4.2.4 Verduidelik die effek op plaaslike brandstofpryse indien die rand depresieer. (2)

4.2.5 Hoe kan 'n rentekoersstyging die betalingsbalans verbeter? (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**COEGA-NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONE**

Terwyl Suid-Afrika werksgeleenthede verloor, belê vier nuwe maatskappye 'n gesamentlike R49 m. by die Coega-nywerheids-ontwikkelingsone (NOS) in Nelson Mandelabaai. Dit skep vir ten minste 'n 100 mense werk.

Die belegging kom te midde van die rampspoedige omstandighede van 'n ekonomie wat alreeds bedruk is, met Suid-Afrika wat meer werk verloor as wat dit skep. Die werkloosheidskoers staan op 'n ongelooflike 40,4%.

[Aangepas uit www.timeslive.co.za]

4.3.1 Identifiseer enige frase in die uittreksel wat na 'n styging in werkloosheid in Suid-Afrika verwys. (1)

4.3.2 Noem enige EEN korridor in Suid-Afrika. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *streeksontwikkeling.* (2)

4.3.4 Waarom het spesiale ekonomiese sones (SES's) 'n breër nywerheidsontwikkelingsdoelwit as NOS's? (2)

4.3.5 Hoe kan nywerheidsontwikkeling die internasionale mededingendheid van 'n land beïnvloed? (4)

4.4 Bespreek kortliks *verbruikersprysindeks* en *produsenteprysindeks* as ekonomiese aanduiders. (8)

4.5 Analiseer die belangrikheid van prysstabiliteit om die ekstreme skommelinge in sakesiklusse te voorkom. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• Moet NIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• Moet NIE enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan aan opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br>**Addisionele gedeelte:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/ Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die redes vir openbaresektor-mislukking. (26 punte)
- Analiseer die impak van swak dienslewering deur die owerheid op sosio-ekonomiese regte. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die vraagkantbenadering om ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder. (26 punte)
- Evalueer breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging (BSEB) om ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**